DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

***ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA***

# Die Seemeeu - Vakansieprogram




*Fotokrediet: André Nel Photography*

Maak gerus 'n draai op ons webwerf by **www.ngkogelberg.co.za**
of gaan *like* ons **Facebookblad**
of *follow* ons op **Instagram**

# Boodskap van ds Heinrich Carstens



*Dit is vir ons wat in die Kogelbergstreek woon 'n groot voorreg om ons familie, vriende en besoekers met gasvryheid te ontvang tydens die Feestyd van 2024. Vakansietye bring 'n besondere dinamika na ons omgewing en as geloofsgemeenskap wil ons juis ons harte en huise oopmaak om die goedheid en genade van God met ander te deel. Mag ons elkeen 'n besonder geseënde vakansie beleef en mag die Gees van Christus ons in hierdie Kerstyd opnuut vul met dankbaarheid. Dankie vir nog 'n jaar van genade wat ons as gemeente kon geniet.*

*Groetnis - ds Heinrich*

## WAAR KAN JY ONS KRY?

Kliek sommer op die foto hieronder, wat jou na Google Maps toe sal vat



**KLEINMONDKERK** is by Vierde Laan 67, Kleinmond.



**KUIERKERK** is by die Kerksaal by Eerste Laan 36, Kleinmond.



**HANGKLIPKERK** is op die hoek van Disasirkel & Pilansiaweg in Bettysbaai.

LIG | DEERNIS | HOOP

## ONS LERAARS

Neem die vrymoedigheid om enige een van ons leraars te kontak as daar 'n krisis is.

### KLEINMOND

ds Heinrich Carstens - 083 566 1490

ds Kirsten Small - 079 296 2431

### HANGKLIP

ds Leopold van Huyssteen - 082 707 0676

## KERKKANTOORURE

**17 tot 31 Desember**

Maandag tot Donderdag: 10:00-11:00

*Vrydae is die kerkkantoor gesluit*

**2 tot 10 Januarie**

*Kerkkantoor is gesluit*

**Maandag 13 Januarie 2025**

Kerkkantoor heropen

**Indien u ons dringend benodig:**

Kerkkantoor 072 711 2261

of koster 083 670 4290



19 Mei 2024 - Bevestiging van ds. Kirsten Small tydens ‘n gesamentlike erediens in die Kleinmondkerk.

*Om die eerste paar maande van my bediening hier in Kleinmond in ń paar woorde te omskryf, is ongelooflik moeilik. Dit was ń tyd van groei, leer, en biddende afhanklikheid. Dit was ‘n tyd van gemeenskap, liefde, genade, en vreugde. Dit was moeilik en dit was maklik, en dit is 100% iets wat ek weer van vooraf sal kies om te doen. Tussen berg en see, het ek my hart op die klein stukkie hemel op aarde en sy mense verloor. Ek was omvou in ń drukkie van teenwoordigheid die oomblik wat dit geklink het asof ek moontlik hier bevestig kon word, en ek het nie genoeg dankies in my om te kan sê nie. Dit is ń absolute voorreg om as predikant in die dorp te kan werk, maar ook as ń mede-kollega vir my wonderlike kollegas. Die Here het geweet wat Hy doen. Ek sien uit na wat nog voorlê en die pad wat ons nog verder gaan stap.*

*Geseënde Kersfees en feesseisoen. Mag die Here julle beskerm waar ook al julle gaan.*

*Groete & seën,*
*Kirsten*

# Ons deel graag met jou 'n fotobeeld van enkele gebeure die afgelope jaar



Die gemeente neem deel aan 'n kruisloop tydens die viering van Paasfees.



Ons predikante & herders kuier gereeld saam om God se woord.



Dr. Willie van der Merwe wens ds. Anthony Cloete geluk by sy indiensstelling in die VGK Kleinmond. Goeie bande word met ons buurgemeente gehandhaaf.



Hangklip se Manne-uitreik het gereeld bymekaar gekom



Ons maak skoon, want ons sorg vir God se aarde.



Tydens Stil Saterdag het ons stilgestaan by kunswerke deur gemeentelede oor die kruisiging.



Die Vrouediens se afsluiting was 'n plesierige geleentheid.

Gesellige 54ste verjaarsdagvieringe



# Handevat met ons gemeenskapsleiers

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA







*Met liefde gemaak deur Joanne*













Ons hou van basaars, want dit bind ons hegter saam... en gee kans vir die eet van baie pannekoeke.



Hierdie lidmate en musikante het met sang, musiek en voordragte bygedra tot Hangklip se Kerssangdiens



Die gemeente het die Kleinmondkerk volgesit vir die Kerssangdiens

# Herinneringe aan 'n somer-Kersfees

Deur Fanie Krige

'n Somer-Kersfees by die see is 'n kosbare Suid-Afrikaanse tradisie, hetsy by 'n karavaanpark in Kleinmond, 'n huisie op 'n Weskus-duin, of 'n eenheid in Margate.

Luilekker dae op die strand, kreeftrek van 'n rubber duck, skaaptjops, wors en toebroodjies braai onder ‘n sterrehemel … dit vang die essensie van hierdie belewing vas. Op Oukersaand word (meesal) Lukas 2 gelees terwyl kinders gretig op geskenke onder die versierde boom wag.

Dit is my Kersfees al vir byna 68 jaar, maar een onvergeetlike jaar, in 1967 na nierpypontsteking my in die laaste paar weke van die skooljaar platgetrek het, het ek 'n eksklusiewe somervakansie saam met my pa deurgebring.

Ons het 'n drie dae lange treinreis geniet met gebondelde beddegoed, oggendkoffie in ons kompartement en etes in ‘n rollende restaurant. Van Botrivier af het ons met ‘n Spoorwegbus na Onrus gereis, waar my oupa se huis met ' n stapel ou Huisgenote gewag het.

Ons het uitstappies na Stellenbosch en die Weskus onderneem en kreef op Dwarskersbos-strand in seewater gekook. 'n Veldbrand, gelukkig hoog teen die berg by Oupa se huis, het 'n blywende indruk gelaat, veral toe ons later 'n speelgoedkarretjie by gebrande ruïnes naby Hermanus vind. Hartseer.

Daardie Kersaand het ek 'n kussing aan die voetenend van my bed gehang en vir my pa (teen my beterwete) vertel dat ek steeds in Kersvader glo. Die volgende oggend was dit leeg en het ek ‘n groot sprong na volwassenheid geneem.

***‘Daardie Kersaand het ek 'n kussing aan die voetenend van my bed gehang en vir my pa (teen my beterwete) vertel dat ek steeds in Kersvader glo.’***

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Tweede Kersdag Bedieningsaksie

Kom ons deel die vreugde van Kersfees met diegene wat nie dieselfde oorvloed as ons het nie. Ervaar die vreugde van gee deur Kersetes te versprei aan mense wat nie op Kersdag 'n spesiale maal kan bekostig nie.

Borde en poedingbakkies kan teen R10 by eredienste of by die kerkkantoor gekoop word. Die gedagte is dat ons dit vul met ons eie Kersmaal en dat dit eerste geskep word. ***Ons gee ons beste, nie dit wat oorbly nie.***

Lidmate wat die dag wil help met die uitdeel van die kersetes en wat hierdie besonderse atmosfeer wil beleef, kan hulle name by die kerkkantoor ingee.

Vir die heel kleintjies gee ons nie 'n bord kos nie, maar 'n koeldrank en pakkie lekkers. As iemand daarvan wil skenk, kan dit by die kerkkantoor afgegee word.

## Gedeelde Vreugde is Dubbele Vreugde

So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

**Bankbesonderhede**
**ABSA**
**NG Kerk Kleinmond**
**3220 150 320**

SnapScan

***DEUROFFERS GEDURENDE DIE VAKANSIE***

15 Desember - Plaaslike Barmhartigheid
22 Desember - Plaaslike Vrouediens
25 Desember - Bybelgenootskap
(Die ½ van alle offergawes)
29 Desember - Gesinsbediening
5 Januarie - Instituut vir Blindes
12 Januarie - Sinodale Gemeentebediening

# Ons eredienste gedurende die vakansietyd

| DAG | TYD | BEDIENINGSPUNT | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| Sondag, 15 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Kirsten Small |
| Maandag, 16 Des | 09:00 | Kleinmondkerk | Ds Heinrich Carstens |
| Sondag, 22 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Theuns Henn |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Kirsten Small |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Piet Botha |
| Woensdag, 25 Des | 08:00 | Grasperk (Lagoon) | Ds Craig Snyders |
| | 08:00 | Hangklipkerk | Ds Theuns Henn |
| | 08:00 | Kleinmondkerk | Ds Jannie Hougaard |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Louis Fourie |
| | 09:30 | Hangklipkerk | Ds Theuns Henn |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Jannie Hougaard |
| Sondag, 29 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huysteen |
| | 09:00 | Kuierkerk | Dr Braam Hanekom & Ds Marietjie Steyn |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Werner van den Heever |
| Sondag, 5 Jan | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Theuns Henn |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Werner van den Heever |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Louis Fourie |
| Sondag, 12 Jan | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Louis Fourie |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Werner van den Heever |

**Let wel: Daar is geen erediens op Dinsdag 31 Desember 2024 nie.*

Die eredienste in Kleinmondkerk word ook lewendig uitgesaai op ons gemeente se YouTube-kanaal. Kliek **hier** vir die skakel.

## GOOGLE MAP SKAKELS

Kliek sommer op die foto van ons onderskeie bedieningspunte op bladsy 2.